# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2019**

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Begripstoetse | [30] |
| AFDELING B: | Opsomming | [10] |
| AFDELING C: | Taalwerk | [40] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Skryf jou Afrikaanse onderwyser se naam op die voorblad.
   [Mev. Gilbert, Haluman, Jordaan. Meiring, Middleton, Ramdhani]

4. Gebruik dieselfde nommers as in die vraestel.

5. Laat ‘n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TEKS A - ARTIKEL**

Lees die volgende artikel deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**MEJ. HEELAL SE JAAR AMPER VERBY**



Die sprokiesjaar van ons Mej. Heelal, Demi-Leigh Nel-Peters, kom tot 'n einde wanneer sy die blink kroon op 17 Desember op haar opvolger se kop plaas.

"Hierdie jaar was vol goeie en slegte dinge," vertel die skoonheid uit die woonstel in *57th Street*, New York, wat die afgelope jaar haar huis was. Sy is net 23 jaar oud. " 'n Mens besef nie wat dit van jou vat om na 'n ander land te trek waar jy niemand ken nie, nuwe vriende moet maak en die vervoerstelsel moet leer ken nie. En dit was vir my erg sonder my hond, Benji. Gelukkig stuur my ma darem elke dag vir my foto's van hom."

Alhoewel New York nie altyd 'n maklike plek is om in te woon nie, het sy lief geword vir die wêreldstad. Die gewoel wat nie eens snags ophou nie, die konstante getoeter van die geel taxi's, die helder ligte van *Times Square*: sy het op alles verlief geraak. En ook op 'n man: Tim Tebow!



As 'n mens na Demi se *Instagramfoto's* kyk, lyk haar lewe so blink en opwindend, jy kan nie anders as om 'n bietjie jaloers te voel nie. "Maar moenie dink dis alles maanskyn en rose nie," sê Demi




"Dis 'n voltydse werk om Mej. Heelal te wees. Baie kere het ek drie-uur in die oggend van 'n oorsese reis teruggekom en dan moes ek nege-uur dieselfde oggend by 'n funksie wees."

Sy vertel ook hoe die taxibestuurders haar vreemd aangekyk het wanneer sy van die "*robot*" gepraat het; die Amerikaners ken dit as 'n "*traffic light*"! Jy kan ook nie net by 'n apteek inloop en pynpille koop nie.

Die een ding waarop sy trots is, is dat sy getrou gebly het aan haarself. "Ek dink nie ek het my aksent verloor nie. Mense vra my nog waar ek vandaan kom. Terloops, hulle dink die Suid-Afrikaanse aksent is mooi," vertel sy. "Ek praat baie Afrikaans, of hulle dit nou verstaan of nie."

Sy het vreeslik baie na haar mense verlang, veral toe haar pa 'n rugoperasie moes ondergaan. "Jy kan nie net in jou kar klim en na die hospitaal toe ry nie."

Dit was 'n jaar vol eerstes vir hierdie Suid-Afrikaanse skoonheid. Sy het meer as 16 lande besoek, onder meer Egipte, Thailand, Indonesië, Frankryk en Indië. Sy het in September 2018 in New York die Verenigde Nasies toegespreek as ambassadeur van *Smile Train*, 'n organisasie wat kinders met gesplete verhemeltes help.

Nadat sy haar kroon kort voor Kersfees in Thailand aan haar opvolger oorhandig het, gaan sy nog nie heeltemal tot siens sê aan haar lewe in Amerika nie. Sy beplan om in New York te bly en het 'n modelkontrak met *IMG Models* daar geteken. "Ek wil graag voltyds modelleer en wil meer werk as motiveringspreker doen,"sê Demi.

Vir Kersfees kom sy vir 'n week huis toe en die kêrel kom saam! "Dit sal sy eerste besoek aan Suid-Afrika wees; dus is ek opgewonde en ek wil dit spesiaal maak vir hom. Hopelik sal hy net so mal oor biltong en braaivleis soos ek wees," lag sy.

[Shanaaz Prince, HUISGENOOT, 3 Desember 2018]

**VRAE:**

1.1 Hoe lank is die termyn van 'n Mej. Heelal?
Skryf EEN woord as antwoord neer. [1]

1.2 Op watter dag, maand en jaar het Demi-Leigh haar kroon vir die nuwe Mej. Heelal gegee? [1]

1.3 "Hierdie jaar was vol goeie en slegte dinge,…."

1.3.1 Noem een goeie ding wat met Demi-Leigh in Amerika gebeur het. [1]

1.3.2 Noem twee dinge wat vir Demi-Leigh moeilik was. [2]

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Demi-Leigh moes New York se vervoerstelsel leer.

Dit beteken dat sy moes

A. leer hoe om haarself in New York te voed.
B. uitvind hoe laat en waarvandaan die busse, treine en taxi's vertrek.
C. leer om aan die geraas in New York gewoond te raak.
D. uitvind waar sy haar hond, Benji, moet voer. [1]

1.5 Waarom, sê Demi-Leigh, is New York nie 'n maklike stad om in te woon nie?
Noem TWEE dinge. [2]

1.6 Voltooi die volgende sin deur die korrekte woorde tussen die hakies te kies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Demi-Leigh het in Amerika in 'n 1.6.1 [huis / woonstel / hotel] gebly. [1]

1.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Wanneer alles "maanskyn en rose" is, dan

A. gaan alles baie goed.
B. loop dinge verkeerd.
C. is dit in die aand.
D. is jy baie ongelukkig. [1]

1.8 Motiveer deur uit die teks aan te haal waarom die volgende twee stellings ONWAAR is.

1.8.1 Demi-Leigh kom na haar jaar as Mej. Heelal weer in Suid-Afrika woon. [1]

1.8.2 Demi-Leigh praat al met 'n Amerikaanse aksent. [1]

1.9 Waarom, dink jy het sy veral haar pa gemis toe hy vir 'n rugoperasie gegaan het? [1]

1.10 Kies uit KOLOM B die inligting wat by KOLOM A pas.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 "die gewoel wat nie eens snags ophou nie" | A. 'n Organisasie wat kinders met gesigsprobleme help. |
| 1.10.2 Tim Tebow | B. Die plek van die volgende kroning van die nuwe Mej. Heelal. |
| 1.10.3 Thailand | C. Die stadsgeraas hou nooit op nie; nie eers in die nag nie. |
| 1.10.4 *Smile Train* | D. Die plek waar Demi-Leigh permanent wil gaan bly. |
| | E. Haar droomman! |

[4]

1.11 Van watter TWEE tipiese Suid-Afrikaanse dinge hoop Demi-Leigh sal haar kêrel hou? [2]

1.12 Demi-Leigh sê dit is 'n voltydse werk om Mej. Heelal te wees.
Haal die SIN aan waarin sy haar stelling bewys . [1]

1.13 Waarom het die Amerikaanse taxi-bestuurders nie verstaan as sy van 'n "robot" gepraat het nie? [1]

1.14 Watter werk, behalwe modelwerk, wil Demi-Leigh ook doen?
Skryf EEN woord as antwoord neer. [1]

1.15 "Vir Kersfees kom sy vir 'n week huis toe en die kêrel kom saam!"

1.15.1 Watter land is Demi-Leigh se huis? [1]

1.16 Wat is die naam van die joernalis wat hierdie artikel geskryf het? [1]
**[24]**

**TEKS B: STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.



1.17. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die twee mans in raampie 1 is...

A. by ‘n drankwinkel.
B. by ‘n taxi staanplek
C. op die hoek van die straat
D. by die poskantoor [1]

1.18. Waar dink jy het die man wat in raampie 1 sit die selfoon gekry? [1]

1.19. Voltooi: Ons weet dat man 1 in raampie 2 baie bly oor die selfoon is omdat hy... [1]

1.20. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraaagnommer en die letter as antwoord neer.

Man 2 in raampie 2 is jaloers omdat hy

A. sê dat die ander man nie ‘n huis het nie.
B. ‘n baadjie aan het.
C. met die ander man praat.
D. slordig aangetrek is. [1]

1.21. Watter woord in raampie 3 sê vir ons dat man 1 rekenaartaal ken? [1]

1.22. Man 1 in raampie 3 sê dat hy nie ‘n dak het nie. Wat bedoel hy? [1]

**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

- Skryf **SEWE wenke vir gesonde eetgewoontes neer**.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**Goeie en gesonde eetgewoontes.**

1. Dit is belangrik om jou dag met ‘n goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, ‘n 21% groter kans het om diabetes te ontwikkel.

2. Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jy moeg word. Dit kan jou produktiwiteit ook drasties verminder.

3. Korrekte porsiegroottes is baie belangrik. Indien jou porsie te groot of te klein is, is daar 'n wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem. Dit kan jou lewenskwaliteit negatief beïnvloed.

4. Die inname van verfynde stysel moet beperk word. Dit sluit happies soos pasteie, kitspap, beskuitjies, pasta, beskuit en koekies in.

5. Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamine, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir 'n gesonde leefstyl is.

6. Drink genoeg water; 6-8 glase is 'n goeie riglyn. Daar is baie mense wat nie van water hou nie, maar 'n mens kan aanleer om dit te drink.

7. Eet meer vis. Vis is ryk aan omega 3-vetsure wat baie goed vir enige mens se gesondheid is.

[Verwerk: Lig, Julie 2016]

**[10]**

**AFDELING C: TAALWERK**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Die volgende taalvrae is op die advertensie gebaseer.

**TEKS D**




3.1 Wat word in bogenoemde advertensie geadverteer? Skryf net 'n woord as antwoord neer. [1]

3.2 Hoe word die woord "Rugbydag" beklemtoon? [1]

3.3 Skryf die volgende sin in die korrekte **WOORDORDE** neer.

Laerskool Sonstraal [op 25 Augustus, op die skoolvelde, hou, 'n rugbydag] [1]

3.4 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen die hakies. Skryf net die antwoord neer.

Baie [seun] gaan aan die wedstryd deelneem. [1]

3.5 Voltooi die volgende **VERGELYKING**. Skryf net die antwoord neer.

Na die wenwedstryd pronk my broer soos 'n ........ [1]

3.6 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** neer.

Die afrigter sê: "Ons is baie fiks." [1]

3.7 Kies die korrekte **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** tussen die hakies. Skryf net die antwoord neer.

Die span [wat/wie] op die veld is, is Laerskool Sonskyn. [1]

3.8 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die toeskouers koop van die heerlike eetgoed. [1]

3.9 Vul die korrekte **VERSAMELNAAM** in die volgende sin in. Skryf net die antwoord neer.

Die mense moet versigtig wees vir die ........bye op die veld. [1]

3.10 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Die leerders is baie opgewonde oor die sportdag. Hulle juig vir die verskillende skoolspanne. [daarom] [1]

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



4.1 Hoe kan ons in al die prentjies sien dat Meneer baie kwaad is? [1]

4.2 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Meneer raak met sy vinger aan Neelsie se neus. [1]

4.3 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Leer jou werk! [1]

4.4 Gee die korrekte **VOORNAAMWOORD** en skryf dit neer.

Meneer het min hare op ....... kop. [1]

4.5 Gee die korrekte **VOORSETSEL** en skryf dit neer.

Neelsie is baie bang ......Meneer. [1]

4.6 Skryf die **VERGROTENDE TRAP** van die woord tussen hakies neer..

Meneer is [tevrede] as die hele klas slaag. [1]

4.7 Skryf die korrekte **VERSAMELNAAMWOORD** neer.

Neelsie se ma sal vir Meneer 'n ........sigarette gee. [1]

4.8 Skryf die **VERKLEINING** van die woord tussen die hakies neer.

Meneer wil nie meer vir Neelsie 'n klein [kans] gee om beter te presteer nie. [1]

4.9 Skryf die volgende sin korrek oor deur van **LEESTEKENS** gebruik te maak.

meneer se ek is baie teleurgesteld in jou [1]

4.10 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Neelsie doen elke middag die huiswerk by die skool. [1]
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

Die volgende taal is op die onderstaande artikel en prentjie gebaseer.
Daar kan opsetlike foute in die artikel wees.

**TEKS F**

**ZANDER SE DROME WORD EEN VIR EEN WAAR**



"As jy dit kan droom, kan jy dit doen."

5.1 [Dit is die woorde van Zander Steyn] wat sy drome nagestreef het. Vandag is dié jong man 'n model, akteur en sanger.

"Hou aan droom, want dit is drome wat die wêreld 'n beter en lekkerder plek maak. As ek tel hoeveel keer mense al vir my gelag het, agter my rug gepraat en en gesê het dat ek in 'n droom leef, dan kon ek vir lank met die negatiewe dinge besig besig wees, sê hy. 5.4[Zander vra het die joernaliste met my ma gepraat]

"Ek het op hoërskool met modelwerk begin en groot drome gehad, maar my lengte was 'n probleem. 5.5 [ Zander, elke naweek, om fiks te word, draf.] 'n Fotograaf wat van Randburg kom het my later gewys hoe fotogenies ek is en daarna het alles stelselmatig ontwikkel. Zander het ook 'n mooi stem. 5.6 Hy wil [baie graag] ook op die verhoog sing.

"Ek is mal oor my werk. Dit is iets wat ek nog altyd wou doen. Ek het sukses behaal 5.7 [a.g.v.] harde werk. Ek oefen saam met een van die beste persoonlike afrigters en dit beteken oefensessies vroeg soggens en saans, wat harde werk is. My ouers se 5.8 [lewe] was baie anders as myne. Die "glitz" en "glamour" is lekker, maar soms verlang ek na rustigheid." 5.10 [Zander lees boeke in die tuin]

5.1 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE** TYD oor.

Dit is die woorde van Zander Steyn. [1]

5.2 Gee die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen hakies. Skryf net die woord as antwoord neer.

Zander is die [goed] model in die vertoning. [1]

5.3 Skryf die sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Zander het gereeld sukses in die modewêreld behaal. [1]

5.4 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Zander vra: "Skryf die joernalis die artikel?" [1]

5.5 Verbeter die **WOORDORDE** van die volgende sin en skryf dit korrek oor.

Zander [elke naweek, om fiks te word, draf] [1]

5.6 Gee die korrekte **INTENSIEWE VORM** van die woorde tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.

Hy wil [baie graag] ook op die verhoog sing. [1]

5.7 Skryf die **AFKORTING** in die sin uit. Skryf net die antwoord neer.

Ek het sukses behaal [a.g.v.] my harde werk. [1]

5.8 Skryf die **MEERVOUD** van die woord tussen die hakies neer. Skryf net die woord as antwoord neer.

My ouers se [lewe] was baie anders as myne. [1]

5.9 Verskaf die korrekte **VRAAGWOORD**. Die antwoord van die vraag is gegee om jou te help. Skryf net die vraagwoord neer.

................ neem die fotograaf die foto's? Met 'n kamera. [1]

5.10 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Zander lees boeke in die tuin. [1]

5.11 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Die joernalis vra: "Hoekom is die foto's teen die muur?" [1]

5.12 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Daar is nog mense in die ateljee. [1]

5.13 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Zander se ouers ondersteun hom. Dit was nog altyd sy droom om sukses te behaal. [omdat] [1]

5.14 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Zander slaap min wanneer hy 'n nuwe liedjie leer. [1]

**[14]**

**TEKS G**

Die volgende vra is op die volgende prentjie gebaseer.



5.15. **Kies** die korrekte woord tussen die hakies. Skryf net die woord neer.

Die meisie loop met die hond aan 'n [lyfband / leiband / hondband] [1]

5.16 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Die jong seun ry op sy skaatsplank. [1]

5.17 Watter item in die prentjie sal jy gebruik as dit reën? Skryf net die woord neer. [1]

5.18 Kies die korrekte **VOORSETSEL** en skryf dit neer.

Die eend swem [vir / op / langs] die dammetjie. [1]

5.19 **Voltooi** die volgende sin. Skryf net die antwoord neer.

Die man op die bankie kyk na die .........in sy hand. [1]

5.20 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Die mense geniet hulle dag in die parkie. [1]
**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**